# SUID-AFRIKA: Eerste demokratiese verkiesing

**Op 26, 27 en 28 April sal alle Suid-Afrikaners vir die eerste keer toegelaat word om te stem vir die totstandkoming van 'n regering van nasionale eenheid wat vir vyf jaar sal regeer.**



## VERKIESINGSDAGBOEK

**Dinsdag 26 April**
**Spesiale stemme** vir fisiek gestremdes (ook dowes en blindes), siekes, verwagtendes en lede van polisiemagte, weermagte en die Nasionale Vredesmag

**Woensdag 27 April**
Alle ander kiesers stem vir Nasionale Vergadering en provinsiale parlemente

**Donderdag 28 April**
Alle ander kiesers stem vir Nasionale Vergadering en provinsiale parlemente

**Vrydag 29 April**
**Stemtellery begin**
Eerste voorlopige uitslae verwag

**Saterdag 30 April**
Laaste voorlopige uitslae verwag

## BELANGRIKSTE POLITIEKE PARTYE EN HUL BELEID


**Nasionale Party**
Nasionale Party
*Leier:* F.W. de Klerk
**Huidige regerende party**
Wil 'n demokratiese kultuur van verdraagsaamheid en aanvaarding bevorder.

**African National Congress**
*Leier:* Nelson Mandela
Verbind tot veelparty-demokrasie gegrond op proporsionele verteenwoordiging.

**Inkatha-Vryheids-party**
*Leier:* Dr. Mangosuthu Buthelezi
Beywer hom vir sterker provinsiale magte en verskanste posisie vir die Zoeloe-monargie.

**Vryheids-front**
*Leier:* Genl. Constand Viljoen
Streef selfbeskikking vir volke, bepaald die Afrikaner, na. Wil Afrikaner-volkstaat vestig.

**Demokratiese Party**
*Leier:* Dr. Zach de Beer
Verbind tot individuele menseregte, 'n vryemarkstelsel en sterker federasie.



## Nuwe Regering

**1. NASIONALE VERGADERING**
Die nuwe Nasionale Vergadering sal bestaan uit 400 lede van die verskillende politieke partye vir wie daar gestem is.


**Voorbeeld1.**
As party X 10% van die hele land se stemme vir die Nasionale Vergadering in die verkiesing kry, sal hy ook 10% van die 400 parlementslede hê, nl.veertig.

**2. SENAAT**
Vorm saam met die Nasionale Vergadering die Parlement. Bestaan uit 90 lede, 10 uit elk van die nege provinsies.

**3. PROVINSIALE PARLEMENTE**
Elk van die nege provinsies sal 'n wetgewende liggaam hê wat proporsioneel op grond van die partye se steun in die provinsiale verkiesing saamgestel word.

Die Wes-Kaapse Parlement sal 42 lede hê, Oos-Kaap 56, Noord-Kaap 30, Natal 8, Oranje-Vrystaat 30, Noordwes 30, Noord-Transvaal 40, Oos-Transvaal 30 en PWV 86.

## DIE NUWE NASIONALE VERGADERING






## 'VRYE EN REGVERDIGE' VERKIESING

Onafhanklike waarnemers, met inbegrip van spanne van die Verenigde Nasies, Europese Unie, Statebond en Organisasie vir Eenheid in Afrika sal stemlokale monitor. Die Onafhanklike Verkiesingskommissie sal oor die verkiesing en stemtellery toesig hou om te verseker dat die verkiesing vry en regverdig is. Hulle tree op ingevolge die riglyne van die gedragskode met die oog op die verkiesing wat in die Kieswet opgeneem is.

Meer as 14 000 monitors sal op die verkiesingsdae by die OVK in diens wees om enige wangedrag of oortredings van die gedragskode aan te meld.




## DIE SKEP VAN SUID-AFRIKA SE FINALE GRONDWET

*Oorgangstyd ingevolge Oorgangsgrondwet*

| Binne 37 dae | Binne 2 jaar | Tot 5 jaar |
|---|---|---|
| Eerste vergadering van die Nasionale Vergadering moet binne 37 dae ná die verkiesing gehou word | 'n Finale grondwet moet aanvaar word. Andersins moet die Parlement ontbind word. | Finale grondwet bly van krag met regering van nasionale eenheid in beheer |

**SA Kiesers TBVC-state ingesluit**



# SUID-AFRIKA: Eerste demokratiese verkiesing

**Die nuwe Parlement moet binne twee jaar 'n finale grondwet vir die land opstel. Die nuwe regering sal op die grondslag van proporsionele verteenwoordiging saamgestel word.**

## VERKIESINGSDAGBOEK

**30 April -10 Mei**
OVK sertifiseer verkiesing as vry en regverdig al dan nie

**Donderdag 5 Mei**
Eerste vergadering van provinsiale parlemente. Provinsiale Premiers word verkies

**Vrydag 6 Mei**
Eerste vergadering van Nasionale Vergadering in Kaapstad. Nuwe President verkies

**Dinsdag 10 Mei**
Nuwe President in Pretoria ingehuldig

**Voor 15 Mei**
Elke provinsiale parlement wys tien verteenwoordigers in die Senaat aan.



## DIE STEMPROSES

### Wie mag stem?

**ALLE Suid-Afrikaanse burgers en dié van die TBVC-state wat 18 jaar oud is en oor geldige identiteitsdokumente beskik.**

Mense met permanente verblyfreg in Suid-Afrika sal ook mag stem. Dit is mense met 'n permit vir permanente verblyf, voormalige Suid-Afrikaanse burgers wat vir die herstel van burgerskap kwalifiseer, of mense wat die kind of eggenoot(e) is van 'n Suid-Afrikaanse burger of voormalige Suid-Afrikaanse burger wat die land met die oog op permanente verblyf binnegekom het. Ook mense wat kan bewys dat hulle die land voor 31 Desember 1978 binnegekom het en wat sedert sy of haar binnekoms hier gewoon het, en mense wat as ongewens verklaar is nie, sal hul stem mag uitbring.


Die Uitvoerende Oorgangsraad het besluit om ook aan 'n sekere kategorie van trekarbeiders stemreg te gee. Die getal stemgeregtigdes sal dan tot 23,7 miljoen kan styg.

Suid-Afrikaanse burgers wat in die buiteland woon, werk of aanstaande week daar sal wees, sal in altesame 77 lande hul stem uitbring

Stemreg is ook van toepassing op gevangenes wat vonnisse vir minder ernstige misdade uitdien.

Geestelik versteurdes sal nie mag stem nie. Fisiek gestremdes sal spesiale stemme kan uitbring.

Spesiale reëlings is deur die Weermag met die OVK getref vir sy lede om te stem waar hulle ook al operasioneel ontplooi is. Dié groep is die enigste groep vir wie voorsiening gemaak word dat hulle in 'n ander provinsie mag stem as waar hulle ontplooi is.



### Suid-Afrika gaan na die stembus

**Die stemming:** Altesame 22,7 miljoen kiesers sal elkeen 2 stemme uitbring, die eerste vir die Nasionale Vergadering en dan vir die betrokke parlement van die provinsie waarin hy of sy stem


**Die stemprosedure**

**1.** Identiteitsdokument of kieserskaart word nagegaan

**2.** Kieser se hande word onder ultraviolet-lig ondersoek. As die persoon reeds gestem het, wys 'n wit merk op die hand(e)

**3.** Hand word gemerk met onsigbare ink

**4.** Stembrief word agterop gestempel en aan kieser gegee. ID-dokument word gestempel en aan kieser teruggegee




**5.** Stem word in geheim uitgebring

**6.** Stembrief word in stembus geplaas. Net stembriewe met 'n stempel wat die stemburo identifiseer, sal getel word

© GRAPHIC NEWS


### Stem so: X of ✓ (Albei is reg)

**STEMBRIEWE**
Die stembrief vir die Nasionale Vergadering (voorbeeld regs) is 60 cm lank en toon die naam, simbool en foto van die leier van elke deelnemende party

**Stembrief 1:**
Op die eerste stembriefie wat jy van die kiesbampte ontvang, maak jy jou kruisie in die oop blokkie (HEEL REGS) langs die foto van die leier van die party van jou keuse. Dit is 'n stem vir die Nasionale Vergadering. Alle stemgeregtigde Suid-Afrikaners kan vir die Nasionale Vergadering stem.

**Stembrief 2:**
Nadat jy die eerste stembrief in die stembus geplaas het, ontvang jy jou tweede stembrief. Op hierdie stembrief stem jy vir die party wat jy kies om jou in jou provinsie se Parlement te verteenwoordig.

**ONTHOU, jy kan nie vir 'n provinsie stem as jy nie op die stemdag in daardie provinsie is nie.**


BALLOT PAPER VOORBEELD

| | | |
|---|---|---|
| PAN AFRICANIST CONGRESS OF AZANIA | PAC | |
| SPORTS ORGANISATION FOR COLLECTIVE CONTRIBUTIONS AND EQUAL RIGHTS | SOCCER | |
| THE KEEP IT STRAIGHT AND SIMPLE PARTY | KISS | |
| VRYHEIDSFRONT - FREEDOM FRONT | VF-FF | |
| WOMEN'S RIGHTS PEACE PARTY | WRPP | |
| WORKERS' LIST PARTY | WLP | |
| XIMOKO PROGRESSIVE PARTY | XPP | |
| AFRICA MUSLIM PARTY | AMP | |
| AFRICAN CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY | ACDP | |
| AFRICAN DEMOCRATIC MOVEMENT | ADM | |
| AFRICAN MODERATES CONGRESS PARTY | AMCP | |
| AFRICAN NATIONAL CONGRESS | ANC | |
| DEMOCRATIC PARTY DEMOKRATIESE PARTY | DP | |
| DIKWANKWETLA PARTY OF SOUTH AFRICA | DPSA | |
| FEDERAL PARTY | FP | |
| LUSO - SOUTH AFRICAN PARTY | LUSAP | |
| MINORITY FRONT | MF | |
| NATIONAL PARTY - NASIONALE PARTY | NP | |
| INKATHA VRYHEIDS PARTY | IVP IFP | |

**Die stemming is geheim. Hoewel elke stembrief gestempel sal word, sal daar geen reeksnommer op wees nie. Daar sal dus geen manier wees om agterna vas te stel vir watter party 'n bepaalde kieser gestem het nie.**

## JY KAN STEM MET ENIGE VAN DIE VOLGENDE DOKUMENTE





ID-dokument · ID-dokument · Ou ID-dokument · Tydelike ID-dokument · ID-dokument · Tydelike kieserskaart

Pasboeke (Dompasse) · Bophuthatswana-ID · Transkei-ID

Volgens die Departement van Binnelandse Sake is altesame 18 miljoen mense in besit van Suid-Afrikaanse identiteitsdokumente, 1,5 miljoen in besit van sogenaamde TBVC-identiteitsdokumente en 792 000 in besit van bewysboeke, terwyl 1,2 miljoen 'n tydelike kieserskaart ontvang het. Die tydelike kieserskaart sal by die stembus ingeneem word. Paspoorte mag slegs gebruik word deur mense wat buite Suid-Afrika stem.

**Hoe stemburo's tydens die komende verkiesing beveilig sal word:**




Elk van die onderskeie telsentrums oor die hele land sal sowat 60 000 stembriewe kry om te tel. Streng veiligheidsmaatreëls en toegangsbeheer sal by die telsentrums geld. Verseëlde stembusse sal die oggend van 29 April onder toesig van die OVK na die telsentrums geneem word.

Bladuitleg: Petro du Toit